ecozone

home of heating & cooling

OPEN SY DEURE IN DIE BOLAND

ONS leef vandag in 'n wêreld waarin ons vasgevang is in 'n spinnerak van allerlei uitdagings. Ecozone wil u help om hierdie uitdagings so maklik moontlik te oorkom. Uitdagings wat ons tans in die gesig staar, is die steeds groeiende kragkrisis wat volgens alle aanduidings nie binne die volgende paar jaar opgelos gaan word nie - om die waarheid te sê gaan dit net versleg. Ecozone, 'n bedryfsvertakking van Masjienburo wat geleë is by Stockenströmstraat 18, Worcester, kan u help met 'n wye produkreeks wat bestaan uit:

*** KRAGOMSKAKELAARS (INVERTERS)** Batterye word gelaai terwyl daar kragvoorsiening is en die omskakeling van Eskom-krag na die batterystelsel sal outomaties plaasvind die oomblik wat die onderbreking ondervind word. Die tydsduur van kragvoorsiening sal bepalend wees van die aantal toestelle wat die gebruiker wil gebruik. Hiervolgens word die stelsel aangepas en gekonfigureer. Daar is egter geen geraas en onderhoud soos in die geval van 'n kragopwekker nie. Ons stelsel is SABS-goedgekeur.

*** SONKRAGWATERVERWARMERS** Ons eenhede maak gebruik van die nuutste tegnologie nl. vakuumbuise met koperstawe vir die verhittingsproses. Die buise is van verskillende diktes glas om aan te pas vir elke applikasie. Alhoewel ons op die kortlys van ses maatskappye is om die Eskom-subsidie aan die gebruiker beskikbaar te kan stel, het ons hoofkantoor reeds 'n stelsel in plek om subsidies onmiddellik beskikbaar te stel terwyl die korporatiewe proses van Eskom nog nie in plek is nie.

As openingsaanbod is 'n 150 liter-sonkragwarmwaterstelsel teen R12,29 per dag beskikbaar. Wat 'n winskoop!

*** GEYSER-WISE** Hierdie is 'n toestel wat aan die kragtoevoer van 'n warmwatertoestel gekoppel word en deur middel van 'n sewedag/viersiklus per dag-programrooster deur die gebruiker gestel kan word wanneer die toestel aan- of af geskakel moet word. Elkeen wat reeds sy warmwaterstelsel op gereelde basis deur die dag met die hand aan- en af geskakel het, sal weet wat die besparing kan wees. Maar die mens vergeet of hy is lui, so die oefening is nie so suksesvol in die praktyk nie. Met Geyser-wise word hierdie skakeling outomaties gedoen.

Openingsaanbod van R995 per eenheid is van krag

*** WATERSUIWERINGSTOESTELLE** Buiten die kragkrisis in Suid-Afrika is die voorspelling dat ons binne 12 maande met 'n erge probleem van besoedelde water te kampe gaan hê - lees maar net die dagblaaie. U weet hoe lyk u ysblokkies; u weet hoe u somtyds jeuk of krapperig is nadat u gestort of gebad het en u weet hoe sukkel u vanjaar om die swembadwater helder te hou. Dit is alles as gevolg van die erge mate van waterbesoedeling. Ecozone het 'n volledig reeks watersuiweringsapparatuur vir elke gebruik. Dit strek vanaf die mees elementêre eenheid tot die BIG BLUE-eenheid wat aan die primêre watertoevoer na u huis of perseel gekoppel word en sodoende alle water suiwer. Hierdie toestelle maak gebruik van industriële omgekeerde osmose om die water 100% te suiwer. Indien u ook 'n probleem het met e.coli in water, kan dit slegs verwyder word met behulp van UV-bestraling. Ons suiweringstoestelle kan die UV-eenhede in ons stelsel akkommodeer.

*** LUGVERSORGERS** Om die produkaanbieding af te rond, beskik ons oor 'n volledige reeks van lugversorgers. Ons spesialiseer in Samsung, GREE en ons eie Ecozone-produk om sodoende vir elke marksegment die regte produk te kan voorsien. Graag wil ons die **Ecozone Eazi-Air**-lugversorger beklemtoon, tans 'n eerste in Suid Afrika, waar dit geen eksterne eenheid het nie maar alles in 'n kompakte eenheid binneshuis gehuisves word. Dit is dus esteties baie vriendelik en ook 'n plesier om te installeer op die 21ste verdieping, aangesien die hele installasie van binne plaasvind. Ons het ook 'n mobiele reeks beskikbaar.

BRUIKHUUR, WAARBORGE EN ONDERHOUDSPLANNE:

Toerusting is bekostigbaar, maar vir diegene wat hulle kapitaal wil versprei het ons 'n alternatief beskikbaar. Ons het egter 'n bruikhuur-finansieringstelsel van 12 tot 60 maande, onderskryf deur Zurich, wat vir alle toerusting gebruik kan word. Vir totale gemoedsrus is 'n vyfjaar-waarborg asook 'n alles insluitende onderhoudsplan ingeluit.Ons nooi u uit om die vertoonlokaal te kom besigtig en uself te vergewis van ons reeks produkte.

Stockenströmstraat 18, Worcester • Tel: 023 342 2505 • Faks: 023 347 4528